**Gedigte**

# Die sterflikheid

Aswoensdag

Dit sit gemaklik oor die skouers,
sag soos ’n ou baadjie wat deur die jare ingelééf is.
Die stoflikheid.
Die sterflikheid.
Dit vou om my sye met hierdie troos:
dat ek nie méér as dit hoef te wees nie,
want U is daar
en U is meer.
My hart rus gemaklik in die wete
dat dit alles tydelik is.
Die baadjie.
Dié lewe.
Die sterflikheid.

- *Neels Jackson*

——————————————————————-

## die lyding van christus

soveel vlakke van sy lyding
soveel vorms van vernedering en pyn

sy koms as mens
slaaf word
pleks van vas te klou aan godwees

daar was die herbergier se toe deur
die voerbak van die diere
reuke van stal
die vlug voor moorddadige soldate

veertig dae in die woestyn
en ’n knaende versoeker

haweloosheid lêplekloosheid
lang stofpaaie in die son

die saamtrek op die krop van die maag
by die sien van blindes siekes hongeres
’n weduwee by die lyk van haar seun
verwese skares op soek na hoop

sy tuisdorp se woede
familie wat verklaar hy is van sy kop af
godsdienstige leiers wat saamsweer

sy eie mense se onbegrip
gorasin! betsaida! kapernaum!
verraad uit die binnekring
en ander wat wegwaai
soos blare van ’n sterwende boom

wat was die dieptepunt?

hatige gille van die skare?
tallose geselslae?
dorings wat sy kop in boor?
spykers deur sy polse?
was dit die sterwe?
die godverlatenheid?

of was dit ’n hart wat skeur
oor ’n ontspoorde wêreld?

*- Neels Jackson*

——————————————————-

## Herfs

Hierdie dae, Here, is die herfs van my geloof
wanneer ou oortuigings verdroog
en een vir een soos blare van 'n boom af val.

Hierdie dae is die herfs van my geloof
met niks anders wat voorlê nie
as die verskrikking van kaalheid
die winter van die dood.

Maar onder hierdie dowwe bas
vloei die sappe nog,
vloei die verhale van nuwe lewe
van opstaan uit 'n dood.

Hierdie dae is die herfs van my geloof,
maar eendag,
eendag sal daar weer 'n lente blom.

- *Neels Jackson*

—————————————————————-

# Die land brand

(14 Julie 2021, na die groot plundertogte in veral KwaZulu-Natal)

die land brand
en ek maak spek en eiers
die radio dra berigte van voortslepende plundery
’n ekonoom probeer die skade in syfers uitdruk
en ek druk lemoensap uit

dis nie sommer sulke spek en eiers nie
ek sny ’n ui in klein stukkies
en laat dit sis in die olie in die pan
soveel is dood sê die radio
soveel in arres

ek sny die sampioene op
dit braai goudbruin saam met die uie
talle apteke is verwoes vertel ’n stem
mense kry nie hulle medisyne nie

ek skep die uie en sampioen uit die pan
en sit dit in die louoond
waar die borde reeds warm word
rafinaderye kom tot stilstand
iemand praat van ’n brandstoftekort
terwyl die spek begin braai

ek rasper kaas
selfs die bloeddiens is beroof
die spek gaan louoond toe
die uie en sampioene sis weer in die pan
saam met die eiers wat ek daarooor breek

’n landbouleier waarsku oor voedselsekuriteit
ek strooi die kaas oor die eier en roer dit in
haal die borde uit die louoond en skep op

ons gaan sit by die tafel
en ek weet nie wat om te bid nie

- Neels Jackson

———————————————————————

## Gebed met die hande onder die kraan

(Maart 2020, met die begin van die Coronaviruspandemie)

Die water spoel oor my hande
maar die woorde steek vas in my keel.
Hoe bid 'n mens in hierdie tyd?
Ons het nog nooit so iets beleef nie.
Heer, wees ons genadig.

Ek voel die seep tussen my vingers,
vryf my hande bo, onder, alle kante.
Skoonwas.
Dis mos u metafoor, Here.
Maar hoe moet ons dit verstaan in so 'n tyd?

Wat kan ek bid met my hande onder die kraan?
Ek dink aan die kwesbares,
en wonder of ek ook een is.
Heer, wees ons genadig.

U roep ons om te volg.
U stel die voorbeeld van deernis en diens.
Maar hoe gee ons op 'n afstand om?
Of lê die omgee juis in afsydig bly?
Is hierdie ritueel van water en seep
ons nuwe sakrament?
Heer, wees ons genadig.

Om ons tuimel die markte.
Besighede ly skipbreuk
en soos drenkelinge spoel mense uit
op strande van wanhoop.
So iets het ons nog nooit beleef nie.

Ek was my hande in gebed:
Heer, wees ons genadig.

- *Neels Jackson*

————————————————————————

## Gesalfde donkie

ou langoor
nooit het jy kon dink
dat jou stowwerige rug
’n gesalfde koning
jou stad in sou dra
jou stofpad waarop jy altyd loop
voel so anders vandag
so sag
met palmtakke geplavei
vir die koning wat hierop moet ry
hoor jy die pryslied wat die skare sing
dis vir die ruiter op jou rug
hul prys en sing
want hul verlosserkoning
het uiteindelik gekom

*- André Smuts*

————————————————————————

# Perd en donkie

Palmsondag

Met ’n donkie gaan jy nie oorlog toe nie.

Eeue se krygers het pérd opgesaal
om glorie op die slagveld te gaan haal.

Vir ’n donkie sal jy diens kon vra:
om ’n kar te trek, ’n sak meel te dra . . .

Met ’n perd kan jy die slinksste vyand jag,
hom inhaal en oorweldig met brute krag.
Op ’n perd kon ’n heerser van weleer
sy meesterskap demonstreer.

Dáár sit die grote Alexander,
Nero, Napoleon en elke ander
vegtende vors: op die rug van sy ros.

Maar Jesus,
Jesus Christus,
Hy . . .

Hy het op ’n donkie gery.

- *Neels Jackson*

———————————————————————-

# Ek is

"Ek is,"
het die gesiglose God gesê
vir die kaalvoetvlugteling in die woestyn.
Kripties, tussen vlamme en dorings deur:
"Ek is wat Ek is."

"Ek is,"
het die stowwerige timmerman gesê,
- vir die hordes hongeres om hom:
    "Ek is die brood van die lewe"
- vir die dwalende skape:
    "Ek is die goeie herder"
- vir die swerwende soekers:
    "Ek is die deur,
    Ek is die weg en die waarheid en die lewe."

Toe swerms soldate kom soek na Hom,
in die tuin vra wie Jesus is,
die een wat glo die Christus is,
het Hy helder geantwoord:
"Ek is."

Met straaltjies bloed en sweet
wat pad soek deur die stof aan sy slape
het God vir ons gesig gekry.

*- Neels Jackson*

———————————————————————-

## loskom kan jy nie

in ’n regsaal ’n skare oproeriges
op ’n regbank ’n radelose regter
in ’n beskuldigdebank ’n onskuldige koning

wat moet ek doen met hierdie man
watter kwaad het hy gedoen
hy is so anders
selfs stom voor sy aanklaers

wat moet ek doen met hierdie brief
’n noodkreet van ’n vrou
moet niks te doen hê
met hierdie onskuldige man nie

wat moet ek doen met hierdie man
ek moet van hom loskom
kan sy volgelinge hom nie maar oordeel nie
nee hulle wette verbied dit

hoe kan ek dan loskom
sal Herodus hom nie verhoor nie
nee dit help nie

hoe kan ek loskom
sal geseling sy volk tevrede stel
nee ook dit help nie

hoe kan ek loskom
’n koningskroon van dorings
sal hulle dan tevrede wees
helaas nee

hoe kan ek loskom
wat van Barabbas in sy plek
ook nie dit nie

sal ek dan nooit loskom
van hierdie onskuldige man nie
nee daar is geen kans
om van Jesus los te kom nie
selfs nie handewas in ’n waterkom nie

- *André Smuts*

—————————————————————-

## Op hierdie Goeie Vrydag

(tydens inperking, April 2020)

Op hierdie Goeie Vrydag
bly elkeen by die huis.
Niemand stap in donker klere by die donker kerkgebou in nie.
Niemand groet in gedempte toon nie.
Niemand stuur brood of wyn deur krakende banke nie.
Die orrel is stil.
Die tjello swyg.

Op hierdie Goeie Vrydag volg ons ’n boodskap op die skerm.
Elemente van die ou verhaal dryf verby.
Houe van soldate.
Die doringkroon.
’n Sponsvol asyn.

Op hierdie eensame Vrydag is daar een sin wat vassteek,
wat aanhou eggo en eggo en eggo:
My God, My God, waarom het U My verlaat?

- *Neels Jackson*

——————————————————————-

# Goeie Vrydag

(i)
Vyf dae tevore, op die Sondag, het Hy
triomfantelik die stad ingery
op ’n donkie se rug. ’n Groot skare
het Hom verwelkom, met palmblare
sy pad uitgelê en geroep: “Loof Hom
wat in die naam van die Here kom!”
En: “Prys die Seun van Dawid!” met ’n dors
na ’n nuwe ryk met ’n nuwe vors.
Maar Jesus, wat weet wat in elke hart skuil,
het niks gesê nie, net saggies gehuil.

(ii)
Die Donderdagaand, ná hul laaste ete,
is Hy na die tuin toe met die wete
van wat wag. En die Seun van God was bang,
want Hy was ook mens. Daarom het Hy verlang
dat Petrus en nog twee by Hom moes bly
terwyl Hy bid. Maar Hy sou alleen ly.
Dié wat deur dik en dun by Hom sou staan,
was te vaak. Alleen sou Hy daarvandaan,
het Hy geweet in bloed en sweet, moes drink
aan die bitter beker vir Hom geskink.

(iii)
Drie jaar lank was Judas saam met Hom.
Drie jaar lank het Judas saam gekom
en gegaan, was hy teenwoordig gewees
as Jesus ’n blinde of lamme genees,
vir die hongeres sorg, omgee vir mense
buite fatsoenlikheid se netjiese grense.
Judas se liefde ken ons almal goed:
die mooi glimlag, die skynheilige groet.
Dié aand het hy dit vriendelik gedoen,
maar soms sit daar moord in ’n soen.

(iv)

Toe hulle Jesus gryp, wou Petrus die held
speel, en die Vors van Vrede met geweld
verdedig. Hiervoor het Jesus nee gesê.
Hy wou ’n ander dissipelskap hê
van Petrus, die rots, want dit was hý
wat verklaar het: “Ek sal altyd by U bly.”
Maar dié nag (soos soveel vandag nog maak,
as dinge vir hulle ongemaklik raak)
het dieselfde Petrus, die rots, drié
keer gesê: “Ek ken hierdie Jesus nié.”

(v)

Pilatus, die goewerneur, wou billik wees,
maar die skare het geskreeu: “Kruisig Hom.”
Hy wou ’n uitspraak van “Onskuldig” lees,
maar die skare het gedreun: “Kruisig Hom!”
Sou hulle keuse Jesus bo die rower wees?
Nee, die skare het gegil: “Kruisig Hom!”
Later het hy hul woede gevrees,
want hulle haat het gebrul: “Kruisig Hom!”
Toe het Pilatus sy hande afgespoel
en gehoop dit sou hom beter laat voel.

(vi)

Dit was die bespotlikste van konings,
die purper mantel, die kroon van dorings.
En as die Koning dors is, kry Hy wyn:
Lawend soet? Nee, gee vir Hom asyn!
Ure lank het die groot spot aangegaan:
“Toe, U Hoogheid, wie het jou nou geslaan?”
die gesel het gespeel oor sy rug. Sy lyf
was rooi van bloed. Op die koppie dryf
hulle spykers deur sy polse. ’n Skouspel was
dit vir dié wat roep: “Red nou jou eie bas!

(vii)

Aan ’n kruis roep ’n man hard na sy Pa
en sug vir laas. Water en bloed dra
die boodskap van sy dood. Die aarde beef
en grafte beur oop. Dooies wat leef
verskyn oral. In die tempel skeur
die voorhangsel oor wat buite gebeur.
Die son hou op met skyn. Dis twaalfuur,
middag, maar die duister, ’n roukleed, duur
tot drie. Die skepping rou en ’n groot
stilte beaam: Die Seun van God is dood.

*- Neels Jackson*

———————————————————-